23.3 AANVULLENDE RAPPORT 3: DEPUTATE PUBLIKASIES – CALVYN JUBILEUMBOEKEFONDS

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

1.1 Die skandering en omskakeling na teks van die Verkorte weergawe van die Institusie deur ds A Duvenage is voltooi. Dit is nou ook beskikbaar op die CJBF-webblad en is volledig ingesluit in die gebruikers-vriendelike weergawe van die Institusie. Hierdie weergawe bevat dus nou drie volledige weergawes met ingeboude soek-funksies.

1.2 Die Rooi- en Blou Kategismusboekies is in Engels vertaal. Die boekies is elektronies op die CJBF-webblad beskikbaar. Papierkopieë word op aanvraag gedruk.

2. Sake waaroor die Sinode besluit

2.1 Die Sinode benoem weer Deputate om uitvoering te gee aan die opdragte soos wat dit in die CJBF Reglement beskryf is, sowel as om aandag te gee aan al die sake wat in proses van behandeling is, in besonder die volgende:

2.1.1 Die druk en uitgee van die publikasie oor die Uiteensetting van die Dordtse Leerreëls deur ds SD de Kock.

2.1.2 Die druk en uitgee van ‘n bundel oor die Heidelbergse Kategismus – ‘n versameling referate gelewer tydens ‘n reeks konferensies om die 450-jarige bestaan van die Kategismus te gedenk.

Rapporteur: Dr GJ Meijer.